SEDERT 1920

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za
Lynnwoodweg 1 Tel: (012) 344-3805
PRETORIA Faks: (012) 344-3907

Geagte voornemende Affie-ouer

Om u seun te help om 'n goeie en ingeligte keuse te maak, gee ons graag die volgende inligting oor die VAKKE deur.

1.1 GRAAD 8 en 9 VAKKEUSE

Huistaal	AF	Afrikaans
Eerste addisionele taal	EN	Engels
Wiskunde	WI	Wiskunde
Natuurwetenskappe	NW	Behels die vakke : Biologie en Natuur- en Skeikunde.
Tegnologie	TEG	Behels die vakke Tegniese Tekene en Bedryfskennis
Sosiale wetenskappe	SW	Behels die vakke Geskiedenis en Aardrykskunde
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	EBW	Behels die vakke Rekeningkunde en Besigheidstudies
Skeppende kunste	SK	'n Keuse moet tussen die volgende uitgeoefen word: Musiek & Visuele Kunste OF Drama & Visuele Kunste
Lewensoriëntering	LO	Behels die vakke Voorligting en Liggaamsopvoeding

SKEPPENDE KUNSTE	
Musiek	Leerlinge wat Musiek en Visuele Kuns as vakkeuses aangedui het, word nie outomaties aanvaar nie. Toelating tot hierdie vak is onderhewig aan 'n keuringsproses na afloop van die jaarlikse Musiekopedag. Bywoning van die Musiekopedag is dus **verpligtend** om vir keuring in aanmerking te kom. Die aantal leerders wat gekeur word, word bepaal deur die beskikbaarheid van instrumente en musiekpersoneel. Musiek as vak bestaan uit twee hoofkomponente: a. Musiekteorie en -geskiedenis sowel as musiekbeluistering (tydens skoolure) b. Praktiese lesse (buite skoolure)
Visuele kunste	Die doel van die vak is hoofsaaklik om: • kreatiewe, uitdrukkingsvolle en innoverende individue en spanne te ontwikkel; • kunstalent, aanleg en entoesiasme te identifiseer en te koester; • leerlinge met die nodige basiese vaardighede toe te rus om sodoende verdere studies in die kunsvorm van hulle keuse na te streef.
Drama	Die studie van drama bied aan leerlinge hulpmiddels om menslike ondervindings in dramatiese vorms voor te stel. Leerlinge word onderrig in kommunikasievaardighede, en word gelei om die liggaam en stem as instrumente te ontwikkel.

1.2 SLAAGVEREISTES

Ten minste 50% in Afrikaans Huistaal
Ten minste 40% in Engels Eerste Addisionele Taal EN Wiskunde
Ten minste 40% in drie ander vakke
Ten minste 30% in twee ander vakke

Promosie word slegs toegelaat as deurlopende assessering (40%) en eksterne assessering (60%) in al die leerareas toegepas word.